

25 Augustus

**Skrifgedeelte: Hebreërs 11:8-19**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 11:8-10**

### **Net om u wil te doen**

Die toekoms is onseker. Deur twyfel en kleingeloof kry die duiwel maklik vatkans om ons te laat huiwer of terug te hou om nie God se wil te doen nie.

Omdat Abraham geglo het, het hy dadelik sy lewe in God se hande oorgegee toe hy na 'n vreemde land moes trek. Hy was oortuig dat hy sou uitkom waar hy moes wees, al het God nie dinge vir hom maklik gemaak nie. Hy is nie deur twyfel en kleingeloof teruggehou nie.

As vreemdeling het hy in tente gebly, rondgeswerf, terwyl hy na 'n stad met fundamente uitgesien het – 'n hemelse erfenis. Die aardse erfenis was vir hom slegs 'n afbeelding van die heerliker hemelse erfenis. Hierdie erfenis het hom vorentoe laat kyk sodat hy nie teen beproewinge vasgekyk het nie – selfs nie toe hy sy enigste seun, Isak, moes gaan offer nie.

Jesus Christus het Homself volmaak oorgegee om sy Vader se wil te doen. Deur sy opstanding het ons "'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis ..." (1 Pet. 1:3, 4). Ons word deur die krag van God bewaar om hierdie erfenis met die wederkoms van Christus volmaak te beleef. Ons aardse lewe moet deur die hemelse heerlikheid beheers word, terwyl ons aktief ons roeping bly vervul.

Saam met Dawid kan ons bely: "Om u wil te doen, my God, is my een begeerte, u woord is my lewe" (Ps. 40:9). Dan sal ons nie deur bangwees, twyfel of kleingeloof op 'n ander spoor gedwing word nie, want Hy is getrou aan sy beloftes.

*Sing: Psalm 40:4 (Totius)*

*Ds. WP van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*